rondrits

# Blou, *blouer*, BEDERF

***Die luukse Anantara Bazaruto Island Resort is 'n bederfplek met kristalwater, kalm soos 'n meer, ideaal vir watersport, snorkel en diepseeduik, hengel en sandduinry. En daar is baie eksotiese voëls***

**Deur CORLIA FOURIE**


1


2


3

Die kleur blou is oral: akwamaryn, ligblou en persblou kristalwater met lig kabbelende branders. Branders wat jou eerder aan 'n meer as aan die see laat dink. Terwyl die vlieënier gereed maak vir die landing in Vilanculos in Mosambiek sien jy dit reeds: stroke blou water afgewissel met stroke spierwit sand. Die water is met laagwater so vlak dat jy kilometers ver die see kan inloop, hoor jy later by 'n gereelde besoeker.

'n Heerlike paar dae wag op my en Natassja Pietersen, moderedakteur van *Woman and Home* by die Anantara Bazaruto Island Resort. Ons is die enigste joernaliste op die mediareis en ons program is goed uitgewerk, met gelukkig nie te veel aktiwiteite nie.

Ons reis per motorboot van Vilanculos na die oord en by ons aankoms word ons met sang en dans deur die spesiale sang-en-dans-koor van die eiland begroet. Ook met ons vertrek word daar al singende, dansende van ons afskeid geneem.

Die oord is luuks en drie heerlike etes, Mosambiekse bier en koeldrank word by die prys ingesluit, asook Wi-Fi. Tog verklik die eenhede met rietdakke, die subtropiese tuin, houtpaadjies op stelte, en die baie voëls in die bome by die ontbytrestaurant dat jy op 'n eksotiese eiland oorbly. Daar is meer as 180 voëlsoorte op die eiland, trekvoëls soos pienk flaminke ingesluit, en vir ernstige voëlkykers word spesiale natuurritte na uitkykposte gereël.

***Nie net is die behandeling puik nie, maar die uitsig vanaf die spa oor die eiland is fotomooi***

Van die lekkerste goed wat ons gedoen het, was die snorkel by die sagte koraalriwwe om die tropiese visse - groen, blou, gestreep, geel en oranje - in hul wonderwêreld te bekyk. Sulke ryk koraalriwwe is nie meer by die eens koraalryke eilande van die Seychelle te sien nie, vertel 'n vrou wat die Seychelle goed ken. Nadat ek jare gelede een keer by Vishoek in die Kaap gesnorkel het en dit gevoel het asof ek nie kon asem kry nie, het ek baie onverstandig die snorkel geweier en is net met paddavoete en duikbril die see in. Elke keer wanneer ek my kop uit die water gelig het om asem te skep, het ek ook groot teue water gesluk. Maar gelukkig was 'n instrukteur die hele tyd naby my en Natassja. Daarna is ons bederf met 'n piekniek (kreef, garnale, vars slaai en wyn) onder 'n opslaantent op Pansy-eiland, so genoem oor die gesiggie-skulpe wat jy daar optel. (Die

FOTO'S DEUR CORLIA FOURIE EN NATASSJA PIETERSEN






5



6

**1 DIE SWEMBAD IN DIE TUIN VAN DIE ANANTARA BAZARUTO ISLAND RESORT. 2 ONS WORD BY DIE OORD MET SANG EN DANS VERWELKOM. 3 GESIGGIE-SKULPE OP PANSY-EILAND. 4 HEERLIKE PIEKNIEK OP PANSY-EILAND 5 SONONDER VANAF DIE BEKROONDE SPA BY DIE OORD. 6 TYDENS DIE KOOKKLAS BY SPICE SPOONS HET HOOFSJEF DONALDSON MADUBELA DIÉ HEERLIKE PORTUGESE VISGEREG GEMAAK.**



4

enigste ander plek in die wêreld waar jy dié skulpe kry, is op Plettenbergbaai.)

Oral in die water was daar dhows en groter en gesofistikeerde motorbote waar diepseevissers hengel. Die diepseevissermanne wat vir sport hengel, moet hul vangs merk en dan teruggooi om die visskatte te bewaar. Die eiland se vissermanne vang die vars vis en kreef wat jy by die oord te ete kry.

Omdat die water feitlik altyd so kalm en warm is (selde onder 24 °C), is dit ideaal vir watersport – waterski, ringbuis en piesangbootritte.

Nog 'n hoogtepunt was die uur lange massering by die spa op 'n koppie by die oord. Die spa is reeds twee jaar agtereenvolgens as die beste spa in Mosambiek aangewys. Nie net is die behandeling puik nie, maar die uitsig vanaf die spa oor die eiland is fotomooi, en die sonsondergang in skulpkleure oor die stil see om van te droom. Ons het ook die laaste aand op 'n visserskuit (dhow) uitgevaar om die sonsondergang vanaf die water te ervaar. Die sandduine aan die teenoorgestelde kant van die son het goudgeel in die kwynende lig geglinster.

Wat ons ook baie geniet het, was die kookklas by Spice Spoons met Portugese speserye en eilandkos (hoofsaaklik seekos soos vis, kreef, garnale). Hoewel ek en Natassja albei mooi lapvoorskote en sjefpapierpette gekry het as bewys dat ons die klas "geslaag" het, het ons bitter min groente gesny en speserye gestrooi. Hoofsjef Donaldson Madubela het byna al die werk gedoen en ons die hele tyd oor elke stappie ingelig gehou. Die kookklas was langs die oord se tuin waar kruie, vrugte en groente gekweek word. Omdat dit droog en warm is met sandgrond daarby, is dit nie so maklik om 'n tuin aan die gang te hou nie, maar byna al die slaai en vrugte wat ons daar geëet het, het uit die oord se tuin gekom.

'n Kulturele rit het ons na die damme met Nylkrokodille en die tradisionele riethuisies van die inwoners geneem. Ons het ook by die nuwe kliniek en die laerskool aangedoen. Die laerskool met "venstergate" – wat meebring dat voëltjies in die klaskamers nes maak - het 'n mooi uitsig oor die veld. Die netjiese speelgrond is met skulpe versier. **rr**

**Pryse hang van die seisoen en beskikbaarheid af, en kan op die Internet verkry word by anatara.com. facebook: facebook.com/anantara; Twitter en Instagram: @anantara_hotels**

## SA AIRLINK

Dis baie gerieflik om met SA Airlink na Vilanculos te vlieg. (So ver ek weet, is die paaie in Mosambiek problematies.) Daar is heelwat vlugte van Oliver Tambo direk na Vilanculos (vlugtyd 1 uur 45 minute). Retoerkaartjies begin by net onder R5 000.